
LANDBOUWEEKBLAD
13 Feb 2015, p.38





# Testamente: Teken as getuie en erf niks

## Doen dinge uit die staanspoor reg en volg die regsreëls wat 'n testament vereis.

Een leser sê nou die dag hy en sy vrou, met wie hy binne gemeenskap van goed getroud is, het 'n "eenvoudige" testament waarin die een "alles" van die eerssterwende sal erf. Dit skyn só "eenvoudig" te wees, blyk dit later in die gesprek, dat die een ook sommer as getuie die ander se testament onderteken het.

Ek wens soms die lewe was regtig so eenvoudig, soos wat sommige mense met hul geldsake en veral die administrasie van hul boedels wil omgaan. Maar dit is nie. Daar is regsreëls wat nagevolg moet word. Moet liewer nie kortpaaie kies nie. Dit lei gewoonlik tot hartseer en ellende; nie altyd vir jou nie, maar vir iemand na aan jou.

As voorbeeld kyk ons na die leser se stelling hierbo.

In 'n huwelik binne gemeenskap van goed besit julle elkeen 'n halwe, onverdeelde belang in mekaar se bates. Daar is slegs enkele uitsonderings, waaronder bates wat spesifiek in 'n huweliksvoorwaardekontrak uitgesluit is, vergoeding wat met 'n persoonlike skadevergoedingseis verkry is, of bates geërf op voorwaarde dat dit buite die regsgevolge van 'n huwelik val.

Dit beteken dat jy ook met jou helfte van die gemeenskaplike bates kan handel in jou testament soos jy wil. Jy het nie die ander gade se goedkeuring daarvoor nodig nie. Eenvoudig. Maar ook nie heeltemal só eenvoudig nie.

Deurdat die leser en sy vrou mekaar se testamente as getuies onderteken het, onterf hulle mekaar effektief.

Die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) skryf sekere formaliteite voor vir die uitvoering van testamente. As jy dit nie nakom nie, kan jy vind dat jou naasbestaandes ná jou dood probleme gaan ondervind.

### BLY UIT DIE HOF

Een van die formaliteite wat nagekom moet word, is dat die testateur die testament in die teenwoordigheid van twee bevoegde getuies moet onderteken. Wie is bevoeg? Iemand bó 14 jaar oud en wat nie onbevoeg beskou word om as getuie in 'n hof te getuig nie (jy moet 16 jaar oud wees om 'n testament te kan opstel).

En dan is die wet baie spesifiek: Enige persoon wat 'n testament as getuie onderteken, word gediskwalifiseer om enige voordeel uit die testament te ontvang (tensy dit ook deur twee ander bevoegde getuies onderteken is). Dit sluit 'n gade in, al is julle binne gemeenskap van goed getroud.

Prakties gesien, wat hou dit vir die leser in? As hy eerste sterf, besit sy vrou reeds die helfte van die gemeenskaplike bates. Uit sy helfte wat hy aan haar bemaak, sal sy net kan erf dit wat sy in elk geval sou kon erf as hy sonder 'n testament (intestaat) gesterf het. Wat is dit?

As hy nie afstammelinge het nie, sal sy vrou alles erf. As hy afstammelinge het, sal sy 'n kindsdeel erf (dit word gelykop tussen die vrou en kinders verdeel) of tot 'n waarde van R250 000, welke bedrag die grootste is.

Natuurlik kan so 'n erfgenaam hom- of haarself op 'n hof beroep en kan die hof bepaal dat so 'n persoon wel mag erf as die hof seker is daar is nie bedrog gepleeg nie. Maar my siening is: Bly uit die hof uit. Hoekom die risiko van 'n hof en hoë regskoste aangaan? Hoekom nie maar dinge uit die staanspoor reg doen nie?

Terloops, die reël geld ook die eksekuteur, of as jy dalk iemand as trustee aangestel het in 'n testamentêre trust geskep deur die testament en hulle ook as getuie geteken het. Die eksekuteurs- of trusteeheffing word geag 'n voordeel uit die testament te wees. Dié verbod geld ook die gade van so 'n persoon, eksekuteur of trustee. **LBW**

**Kortpaaie lei gewoonlik tot hartseer en ellende; nie altyd vir jou nie, maar vir iemand na aan jou.**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik op 'n spesifieke geval beskou word nie.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, tel. **021 461 2067**, e-pos: **nico@finlac.com**, **Posbus 1513, Sanlamhof 6532**.